Geregistreerde finansiele diensverskaffer
FDR LISENSIE NO 11048
FSB LICENCE NR
MY MAKELAARS
MY BROKERS
1996/020487/23
Die The klop van jou geldsake beat of your finance
Uitgawe 2 2020

Beste kliënte,
"O koud is die windjie en skraal
en bleek in die doflig en kaal"
So lui Eugene Marais se Winternag.

Maar die Winter hou ook vele bekorings in, van skouspelagtige sonsondergange, tot om snoesig voor die kaggel met 'n glasie Muskadel te ontspan.

Ons almal beplan tot 'n meerdere of mindere mate vir die Winter. Jy maak seker dat jy genoeg warm klere het, vervang dit wat afgedra en te klein is en koop 'n helder rooi serp om jou knus te hou.

Dit bring my by die onderwerp van die kwartaal se nuusbrief – jy moet beplan vir 'n noodgeval wat so onverwags soos 'n dief in die nag kan kom.

'n Integrale deel van jou finansiële beplanning is 'n noodfonds gelykstaande aan ten minste drie maande se inkomste/salaris.

Hoekom het jy 'n noodfonds nodig?
Die finansiële nood as gevolg van die Covid-19 pandemie is 'n duidelike bevestiging van hoe belangrik 'n noodfonds is.

Diegene wat 'n noodfonds in plek gehad het, kon die "moeilike omstandighede" amper sonder rimpel hanteer. Daarteenoor moes die wat van die hand na die mond leef, orals rondskarrel om geld te leen en reëlings te probeer tref om uitgawes te dek.

Waarvoor gebruik jy 'n noodfonds?
a) Rampe en ellende
Hier is 'n paar voorbeelde:

1. My huis word in 'n storm verwoes.
2. Ek raak ernstig siek , en bly weke in die hospitaal.
3. Ek skryf my motor in 'n ongeluk af.
4. 'n Pandemie tref die wêreld – onmoontlik om te voorsien!

Die meeste van ons het versekering en mediesefondse om al hierdie rampe en ellende te dek, maar dit vat alles tyd om uit te betaal en dikwels is die uitbetaling nie voldoende nie.

b) Aftrede
Dit is meestal nie 'n gladde oorskakeling van 'n salaris na 'n pensioen nie – weereens neem dit tyd, soms tot ses maande!

c) Dood
Begrafniskoste en leefgeld moet gedek word, totdat die uitbetalings gebeur. Boedels neem definitief ses maande en langer om afgehandel te word.

Wat is 'n noodfonds NIE.
a) Vakansiegeld

b) Aanvulling tot jou begroting

c) Aankoop van luukshede

Waar belê jy jou noodfonds?
Praat met ons by My Makelaars, die hartklop van jou geldsake.

Aangeheg is 'n voorbeeld van 'n begroting, in Excel format, sodat jy dit kan verander totdat dit pasgemaak is vir jou persoonlike omstandighede.

Onthou – 'n begroting is die fondasie van jou hele finansiële huis – moenie op sand bou nie!

Groete tot volgende keer.

Annekie Kern

Annekie Kern
082 530 9229 I annekie@mybrokers.co.za